


BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY



OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

10c

Maandag 8 Mei 1978

WINDHOEK

Monday 8 May 1978

No. 3746

**INHOUD:**

*Bladsy*

**CONTENTS:**

*Page*

**GOEWERMENSKENNISGEWINGS:**

**GOVERNMENT NOTICES:**

- No. AG. 13 Ordonnansie op Lone en Nywerheids-  
versoening, 1952 (Ordonnansie 35 van  
1952): Verklaring van Ooreenkoms tussen  
Stadsraad van Luderitz en S.W.A.  
Munisipale Personeelvereniging tot  
Bindende Ooreenkoms ..... 1
- No. AG. 14 Instelling en Samestelling van 'n Dorpsbe-  
stuur vir Kosisdorp ..... 3
- No. AG. 15 Instelling en Samestelling van 'n Dorpsbe-  
stuur vir Tsesdorp ..... 3

- No. AG. 13 Wage and Industrial Conciliation Or-  
dinance, 1952 (Ordinance 35 of 1952):  
Declaration of Agreement between Town  
Council of Luderitz and S.W.A. Municipal  
Staff Association as a Binding Agreement 1
- No. AG. 14 Establishment and Constitution of a Village  
Management Board for Kosis-Town ..... 3
- No. AG. 15 Establishment and Constitution of a Village  
Management Board for Tses-Town ..... 3

## Goewermentskennisgewings

## Government Notices

kantoor van die  
**ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE  
GEBIED SUIDWES-AFRIKA**

office of the  
**ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE  
TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA**

No. AG. 13 1978

No. AG. 13 1978

**ORDONNANSIE OP LONE EN NYWERHEIDS-  
VERSOENING, 1952 (ORDONNANSIE 35 VAN  
1952) : VERKLARING VAN OOREENKOMS  
TUSSEN STADSRAAD VAN LUDERITZ EN  
S.W.A. MUNISIPALE PERSONEELVERENIGING  
TOT BINDENDE OOREENKOMS**

**WAGE AND INDUSTRIAL CONCILIATION  
ORDINANCE, 1952 (ORDINANCE 35 OF 1952) :  
DECLARATION OF AGREEMENT BETWEEN  
TOWN COUNCIL OF LUDERITZ AND S.W.A.  
MUNICIPAL STAFF ASSOCIATION AS A  
BINDING AGREEMENT**

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 46(1) van die Ordonnansie op Lone en Nywerheidsversoening, 1952 (Ordonnansie 35 van 1952), verklaar ek hierby dat al die bepalings van die ooreenkoms vervat in die Bylae vanaf die datum van afkondiging van hierdie kennisgewing tot en met die afsluiting van die 1980/81 boekjaar van die Stadsraad van Luderitz, die partye wat die genoemde ooreenkoms aangegaan het, bind.

Under the powers vested in me by section 46(1) of the Wage and Industrial Conciliation Ordinance, 1952 (Ordinance 35 of 1952), I hereby declare that as from the date of publication of this notice until the closing of the 1980/81 financial year of the Town Council of Luderitz, all the provisions of the agreement set out in the Schedule shall be binding upon the parties who entered into the said agreement.

M. T. STEYN  
Administrateur-generaal

Windhoek, 27 April 1978

M. T. STEYN  
AdministratorGeneral

Windhoek, 27 April 1978

BYLAE  
OOREENKOMS

SCHEDULE  
AGREEMENT

ingevolge die Ordonnansie op Lone en Nywerheids-  
versoening, 1952 tussen die

in accordance with the provisions of the Wage and In-  
dustrial Conciliation Ordinance, 1952, entered into  
between the

STADSRAAD VAN LUDERITZ

TOWN COUNCIL OF LUDERITZ

en die

and the

S.W.A. MUNISIPALE PERSONEELVERENIGING

S.W.A. MUNICIPAL STAFF ASSOCIATION

wat partye by die versoeningsraad is.

being parties to the conciliation board.

Dit word ooreengekom dat:

It is agreed that:

- (i) 'n werknemer in diens van die Munisipaliteit van Luderitz met een of meer kinders wat onderrig aan enige hoërskool ontvang, vir die boekjare 1976/77 en 1977/78 'n jaarlikse toelaag ter bestryding van uitgawes betaal word, welke toelaag die kontantbedrag van R200,00 ten opsigte van elke sodanige kind beloop; en
- (ii) dat 'n werknemer genoem in paragraaf (i) wat gedurende die gemelde boekjare minder as die gemelde toelaag ontvang het, in die finansiële posisie geplaas word asof hy die volle toelaag ontvang het; en
- (iii) 'n jaarlikse toelaag daarna betaal word aan 'n werknemer wat ingevolge paragraaf (i) daarvoor kwalifiseer, welke toelaag die kontantbedrag van minstens R200,00 ten opsigte van elke kind beloop; en
- (iv) die toelaag, in paragraaf (iii) genoem, betaalbaar is tot en met die afsluiting van die 1980/81 boekjaar; met dien verstande dat aanspreeklikheid vir die betaling daarvan verval indien en sodra toepaslike hoërskoolonderrig in die munisipale gebied van Luderitz aangebied word.

- (i) an employee in the service of the Municipality of Luderitz with one or more children who are being educated at any high school, be paid an annual allowance for the financial years 1976/77 and 1977/78 to defray expenses, which allowance will be a cash amount of R200,00 in respect of each such child; and
- (ii) an employee referred to in paragraph (i) who received less than the said allowance during the said financial years be placed in the financial position as if he had received the full allowance; and
- (iii) an annual allowance be paid to an employee thereafter who qualifies therefor in terms of paragraph (i), which allowance will be a cash amount not less than R200,00 in respect of each child; and
- (iv) the allowance, referred to in paragraph (iii), be payable up to and including the closing of the 1980/81 financial year; provided that liability for the payment thereof will lapse if and as soon as appropriate high school education be offered in the municipal area of Luderitz.

DATUM: 28-2-1978 (Geteken deur) P. A. SCHWIEGER  
VOORSITTER

DATE: 28-2-1978 (Signed by) P. A. SCHWIEGER  
CHAIRMAN

DATUM: 28-2-1978 (Geteken deur) J. C. B. SCHOEMAN  
VISE-VOORSITTER

DATE: 28-2-1978 (Signed by) J. C. B. SCHOEMAN  
VICE-CHAIRMAN

DATUM: 28-2-1978 (Geteken deur) E. G. C. SNYMAN  
SEKRETARIS

DATE: 28-2-1978 (Signed by) E. G. C. SNYMAN  
SECRETARY

No. AG. 14

1978

INSTELLING EN SAMESTELLING VAN 'N  
DORPSBESTUUR VIR KOSISDORP

Dit word hierby ingevolge artikel 2(3) van Proklamasie 160 van 11 Julie 1975 bekendgemaak dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 2(1)(c) van genoemde Proklamasie, saamgelees met artikel 2 van die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag, 1977 (Proklamasie AG. 3 van 1977), 'n dorpsbestuur vir Kosisdorp ingestel het.

Voorts bepaal ek hierby kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 23(1) van genoemde Proklamasie 160 van 11 Julie 1975 dat die dorpsbestuur uit drie verkose Namas sal bestaan.

M. T. STEYN

Administrateur-generaal

Windhoek, 1 Mei 1978

No. AG. 14

1978

ESTABLISHMENT AND CONSTITUTION OF A  
VILLAGE MANAGEMENT BOARD FOR KOSIS-  
TOWN

It is hereby made known in terms of section 2(3) of Proclamation 160 of 11 July 1975 that under the powers vested in me by section 2(1)(c) of the said Proclamation, read with section 2 of the Executive Powers Transfer Proclamation, 1977 (Proclamation AG. 3 of 1977), I have established a village management board for Kosis-Town.

Under the powers vested in me by section 23(1) of the said Proclamation 160 of 11 July 1975, I hereby determine that the village management board shall consist of three elected Namas.

M. T. STEYN

Administrator-General

Windhoek, 1 May 1978

No. AG. 15

1978

INSTELLING EN SAMESTELLING VAN 'N  
DORPSBESTUUR VIR TSESDORP

Dit word hierby ingevolge artikel 2(3) van Proklamasie 160 van 11 Julie 1975 bekendgemaak dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 2(1)(c) van genoemde Proklamasie, saamgelees met artikel 2 van die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag, 1977 (Proklamasie AG. 3 van 1977) 'n dorpsbestuur vir Tsesdorp ingestel het.

Voorts bepaal ek hierby kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 23(1) van genoemde Proklamasie 160 van 11 Julie 1975 dat die dorpsbestuur uit drie verkose Namas sal bestaan.

M. T. STEYN

Administrateur-generaal

Windhoek, 1 Mei 1978

No. AG. 15

1978

ESTABLISHMENT AND CONSTITUTION OF A  
VILLAGE MANAGEMENT BOARD FOR TSES-  
TOWN

It is hereby made known in terms of section 2(3) of Proclamation 160 of 11 July 1975 that under the powers vested in me by section 2(1)(c) of the said Proclamation, read with section 2 of the Executive Powers Transfer Proclamation, 1977 (Proclamation AG. 3 of 1977), I have established a village management board for Tses-Town.

Under the powers vested in me by section 23(1) of the said Proclamation 160 of 11 July 1975 I hereby determine that the village management board shall consist of three elected Namas.

M. T. STEYN

Administrator-General

Windhoek, 1 May 1978